

MN 3

I N S T I T U U T V I R M A N N E K R A G N A V O R S I N G I N S T I T U U T F O R M A N P O W E R R E S E A R C H I N S T I T U U T V I R M A N N E K R A G N A V O R S I N G I N S T I T U U T F O R M A N P O W E R R E S E A R C H I N S T I T U U T V I R M A N N E K R A G N A V O R S I N G

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING



HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

NAVORSINGSBEVINDING

*

RESEARCH FINDING

RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE
BEVOLKING VAN BRITS VIR 1981

001.3072068 HSRC
MN 38

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 HSRC MN 38	34417/6
RGN	RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEK LIBRARY	
HSRC	HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL



RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

VERVALDATUM/DATE DUE			

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN BRITS VIR 1981

A.P.J. Welthagen, M.Com.

F. Boshoff, M.Com.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING



DIREKTEUR: W. VERHOEF

2844363866



PRETORIA

1976

ISBN 0 86965 384 9

Navorsingsbevinding M-N-38

Kopiereg voorbehou

Prys: R1,15

001.3072068 HSRC MN 38



* 0 4 6 1 9 6 *

INHOUD

	BLADSY	
1	INLEIDING EN DOEL	1
2	OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE EN KONSEPTE	1
2.1	Satellietdorp en kerndorp of -stad	1
2.2	Geïsoleerde dorpe en stede	1
2.3	Uitvoerwerkers	2
2.4	Streekresidensiële werkers	2
2.5	Streekresidensiële goedere en dienste	2
2.6	Uitvoergoedere en -dienste	2
3	GEBIEDSAFBAKENING	2
4	DIE RAMINGSTEGNIEK EN DIE TEORETIESE GRONDGLAE WAAROP DIT GEBASEER IS	2
5	KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS	3
6	RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN BRITS IN 1981	4
7	RAMING VAN DIE PERSENTASIES VIR STREEKRESIDENSIËLE WERKERS EN UITVOERWERKERS	4
8	RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN BRITS VIR 1981 VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR	7
9	RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN BRITS VIR 1981	7
10	RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN BRITS IN 1981 VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR	9
11	RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE VERWAGTE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING	11
12	RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN BRITS IN 1981	11
13	DIE INWONERTAL VAN BRITS IN 1981	11
14	GEVOLGTREKKING AANGAANDE DIE BETROUBAARHEID VAN DIE GERAAMDE GETALLE	14
	BYLAE A	15
	BYLAE B	31
	LITERATUURLYS	33

RGN		BIBLIOTEEK LIBRARY	HSRC
1977-4-14			
STANDKODE		TOEGENOMME	
001-30720687/HSRC		MN38	
G		b	

1 INLEIDING EN DOEL

Die Sentrale Owerheid het homself verbind om 'n "spesiaal en gekoördineerde" poging aan te wend om nywerheidsontwikkeling by "groeipunte" te stimuleer (Kyk Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan 1975, p. 15). Bewys van die sukses wat dié owerheidsontwikkeling in die geval van Brits behaal het, word gevind in die feit dat werkgeleenthede in die vervaardigingsektor van Brits volgens Herbst (1975, p. 36) van 1970 af tot 1974 met 80,8 persent per jaar toegeneem het.

Ekonomiese groei teen so 'n hoë tempo maak beplanning in beide die openbare en die private sektore noodsaaklik. Sonder beplanning kan die ontstaan van knelpunte in die voorsiening van goedere en dienste nie vermy word nie.

Suksesvolle beplanning rus egter op betroubare basiese data waaronder 'n voorskatting van bevolkingsgroei in die dorp of stad waarvoor beplan moet word. Ten einde beplanners van die nodige basiese data te voorsien, het die RGN 'n tegniek ontwikkel waarvolgens bevolkingsgroei in vinnig groeiende geïsoleerde dorpe en stede op grond van nie-historiese data geraam kan word. (Kyk Boshoff, 1975.) Die ontwikkelde tegniek is ten volle gemodelleer en vir gebruik is die elektroniese rekenaar geprogrammeer. (Kyk Jacobs, 1975.)

Die doel met hierdie studie is eerstens om 'n poging aan te wend om die bogenoemde tegniek wat vir die raming van bevolkingsgroei in geïsoleerde dorpe en stede ontwikkel is, aan te pas sodat dit ook in die geval van satellietdorpe gebruik kan word.

Tweedens is die doel met die studie om, indien dit blyk dat die ramingstegniek suksesvol aangepas kan word vir gebruik in die geval van satellietdorpe, 'n raming van die bevolkingsgroei tot 1981 volgens beroep, nywerheidssektor en volksgroep vir Brits, wat beide 'n satellietdorp en 'n grensnywerheidsdorp is, te maak.

Laastens is die doel met hierdie studie om aan die owerhede en beplanners in Bophuthatswana 'n aanduiding te verskaf van wat die bevolkingsgroei in dorpe wat binne dié tuisland maar na aan Brits geleë is, sal wees as gevolg van nywerheidsontwikkeling in Brits.

2 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE EN KONSEPTE

Ten einde verwarring te voorkom, is dit nodig om enkele begrippe en konsepte wat in hierdie studie gebruik word, kortliks te omskryf. 'n Meer uitvoerige bespreking van vier van die begrippe, naamlik uitvoerwerkers, streekresidensiële werkers, uitvoergoedere en -dienste en streekresidensiële goedere en dienste, verskyn in 'n vorige verslag. (Kyk Boshoff, 1975.)

2.1 SATELLIETDORP EN KERNDORP OF -STAD

'n Satellietdorp is 'n dorp wat na aan 'n ander groter dorp of stad geleë is. Die dorpe wat in hierdie verslag as satellietdorpe beskryf word, is almal minder as 100 kilometer van 'n groter dorp of stad geleë. Dié groter dorp of stad word in hierdie geval die kerndorp of -stad genoem. Tussen die satellietdorp en die kernstad moet daar goed ontwikkelde kommunikasie en vervoerknane bestaan en die bewoners van die satellietdorp moet minstens 'n betekenisvolle deel van die goedere en dienste wat hulle verbruik, in die kernstad aankoop.

Bondigheidshalwe sal slegs van satellietdorpe en kernstede gepraat word. Daar kan egter beide satellietdorpe en -stede en kerndorpe en -stede in 'n land bestaan.

2.2 GEÏSOLEERDE DORPE EN STEDE

Die bewoners van geïsoleerde dorpe en stede is nie vir 'n betekenisvolle gedeelte van die goedere en dienste wat hulle verbruik, afhanklik van 'n ander groter dorp of stad nie. Die afstand tussen die geïsoleerde dorp of stad en 'n ander groter dorp of stad is gewoonlik 100 kilometer of meer.

2.3 UITVOERWERKERS

Uitvoerwerkers is werkers wat goedere en dienste produseer wat deur verbruikers wat buite die grense van die betrokke ekonomiese streek gesetel is, verbruik word.

2.4 STREEKRESIDENSIËLE WERKERS

Streekresidensiële werkers is werkers wat goedere en dienste produseer wat deur die bewoners van hul eie ekonomiese streek verbruik word.

2.5 STREEKRESIDENSIËLE GOEDERE EN DIENSTE

Streekresidensiële goedere en dienste is goedere en dienste wat deur die bewoners van 'n ekonomiese streek in hul eie streek vir hul eie gebruik geproduseer word.

2.6 UITVOERGOEDERE EN -DIENSTE

Uitvoergoedere en -dienste is goedere en dienste wat deur verbruikers wat buite die ekonomiese streek waarin dit vervaardig word, gesetel is, verbruik word.

3 GEBIEDSAFBAKENING

Die beginsels waarvolgens die grense van 'n subnasionale streek afgebaken word, is in 'n vorige verslag uitvoerig bespreek. (Kyk Boshoff 1975, pp. 5-6.) Ooreenkomstig dié beginsels sal die grense van die Britsgebied of die Brits ekonomiese streek ook die klein- en besproeiingshoewes onderkant Hartbeespoortdam sowel as die Bantoedorp Elandsfontein wat in Bophuthatswana geleë is, insluit.

Wanneer egter na Brits as dorp verwys word, sal daarby slegs die gedeelte wat deur die munisipale grense van Brits omsluit word, bedoel word. Op die oomblik is daar nog 'n Bantoewoongebied binne die munisipale grense van Brits geleë, maar volgens beplanning sal alle inwoners daarvan mettertyd na Elandsfontein in Bophuthatswana verskuif word. Wanneer dit sal gebeur is op die oomblik nog onbekend. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Bantoewoongebied van Brits nie sal uitbrei nie, aangesien alle nuwe Bantowerkers en hul afhanklikes in Elandsfontein gevestig sal word.

4 DIE RAMINGSTEGNIEK EN DIE TEORETIESE GRONDSLAE WAAROP DIT GEBASEER IS

Die teorieë, relatief vaste verhoudings en aannames waarop die ramingstegniek gebaseer is, word in die verslag oor die raming van die ekonomiese bedrywige en totale bevolking van die Saldanhabaaigebied (Boshoff, 1975) meer uitvoerig bespreek. Hieronder volg slegs 'n kort opsomming daarvan saam met 'n kort verduideliking van die ramingstegniek.

Eerstens word aanvaar dat daar 'n relatief vaste verhouding bestaan tussen die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uitvoerwerkers in 'n dorp of stad waarvan die ekonomie naastenby in ewewig is.

Tweedens word aanvaar dat 'n sekere minimum persentasie van die ekonomiese bedrywige bevolking van alle redelik geïsoleerde dorpe en stede in elke nywerheidssektor werkzaam moet wees net om in die noodsaaklike behoeftes van die ekonomiese streek se bewoners aan streekresidensiële goedere en dienste te voorsien.

Derdens word aanvaar dat die betrokke minimumpersentasie vir elke nywerheidssektor in die geval van geïsoleerde dorpe en stede, geraam kan word deur die persentasie werkers in elke nywerheidssektor volgens bevolkingsensusgegevens in die geval van 'n aantal spesiaal vir die doel uitgesoekte geïsoleerde dorpe en stede te tabelleer, en dan die laagste waargenome persentasie in elke sektor te aanvaar as 'n raming van die noodsaaklike minimumpersentasie streekresidensiële indiensneming in die betrokke sektor. 'n Sommering van die sektorale minimum persentasies lewer dan 'n raming van die minimumpersentasie streekresidensiële werkers vir die dorp of stad. Net so kan die minimumpersentasie streekresidensiële werkers vir 'n satellietdorp geraam word deur gebruik te maak van die sensusgegevens van 'n aantal spesiaal uitgesoekte satellietdorpe in plaas van geïsoleerde dorpe. Daar word met ander woorde aanvaar dat 'n ooreenstemmende rela-

tief vaste verhouding tussen streekresidensiële werkers en uitvoerwerkers in satellietdorpe bestaan as wat tussen streekresidensiële werkers en uitvoerwerkers in geïsoleerde dorpe aangetref word. Of die laasgenoemde aanvaarde relatief vaste verhouding wel bestaan, sal egter nie voor die gegewens van die 1980-bevolkingsensus beskikbaar gestel word, met enige mate van sekerheid vasgestel kan word nie.

Aangesien streekresidensiële werkers (s) plus uitvoerwerkers (u) per definisie gelyk is aan totale ekonomies bedrywige bevolking(e), volg dit dat die persentasie uitvoerwerkers bereken kan word indien die persentasie streekresidensiële werkers eers geraam is

$$\begin{aligned} s + u &= e \\ s\% + u\% &= 100\% \\ u\% &= 100\% - s\% \end{aligned}$$

Met beide die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uitvoerwerkers bekend kan beide die getal streekresidensiële werkers en die ekonomies bedrywige bevolking bereken word indien die getal uitvoerwerkers of werkgeleenthede deur middel van 'n opname bepaal kan word en aanvaar word dat voldoende werkers beskikbaar sal wees om alle werkgeleenthede te vul.

Die beroepsverdeling van die geraamde getalle streekresidensiële werkers in elke sektor geskied ooreenkomstig die beroepsverdeling volgens bevolkingsensusgegewens in die ooreenkomstige nywerheidsektor(e) van een of meer ander dorpe wat spesiaal vir die doel uitgesoek word. Dorpe word vir die doel uitgesoek wanneer indiensneming in die betrokke nywerheidsektor tydens die vorige bevolkingsensus ongeveer net soveel was as die geraamde getal werkers op die teikendatum in die dorp waarvoor die raming gedoen word. Sorg word ook gedra dat die volksgroepsamestelling van die dorpe wat vir hierdie doel gekies word, ongeveer dieselfde is as dié van die dorp waarvoor die raming gedoen word.

Daar word aanvaar dat die beroepskeuse van die verskillende volksgroepe binne afsienbare tyd, net soos in die verlede, hoofsaaklik deur tradisie bepaal sal word. Daarom word die volksgroepverdeling van die streekresidensiële werkers afsonderlik vir elke beroepsgroep geraam. Dit word gedoen op grond van die volksgroepverdeling in die betrokke beroepsgroep soos wat dit uit die bevolkingsensusgegewens van een of meer spesiaal uitgesoekte dorpe of stede blyk. Dorpe of stede word vir die doel uitgesoek op grond van bevolkingsgrootte en -samestelling.

Die volksgroepverdeling van die uitvoerwerkers word, in die geval van bestaande werkers, tydens die opname by die werkgewers vasgestel. In die geval van bedrywe wat binne afsienbare tyd beplan word, word die volksgroepverdeling van die werkers deur die beplanners van die bedrywe geraam.

Laastens word aanvaar dat ekonomiese deelnamekoerse wesentlik van volksgroep tot volksgroep en van streek tot streek verskil. Gevolglik word die ekonomiese deelnamekoerse vir elke volksgroep afsonderlik bereken op grond van die ekonomiese deelnamekoerse van die betrokke volksgroep tydens die vorige bevolkingsensus in die dorp of stad waarvoor die raming gemaak word, of in 'n ander geskikte dorp of stad in dieselfde streek en met 'n soortgelyke bevolkingsamestelling. Met beide die ekonomiese deelnamekoerse en die getal ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep bekend is die getal nie-ekonomies bedrywiges en die totale bevolking bereken.

5 KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS

Soos in paragraaf 4 verduidelik word die minimum streekresidensiële indiensnemingsvereiste geraam op grond van die bevolkingsensusgegewens van 'n aantal dorpe of stede wat spesiaal vir die doel uitgesoek is.

Die teoretiese vereistes wat aan geskikte dorpe gestel word vir die raming van 'n satellietdorp se verwagte toekomstige minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingsvereiste, is eerstens dat hulle ook satellietdorpe moet wees, en tweedens dat hulle in 1970 ongeveer so groot moes gewees het as wat Brits na verwagting in 1981 sal wees.

Op grond van voorlopige berekenings en op grond van 'n raming deur Plan Medewerkers (1970) wil dit voorkom asof Brits se bevolking teen 1981 tussen 30 000 en 50 000 sal wees. In die RSA is daar slegs een satellietdorp, naamlik Stellenbosch, wat aan die vereiste sal voldoen. Alle satellietdorpe met 'n bevolking van tussen 10 000 en 80 000 in 1970 is daarom as ramingsbasis gekies. Daar was in 1970 net agt sulke dorpe in die Republiek van Suid-Afrika gewees, naamlik Stellenbosch, Vanderbijlpark, Middelburg (Tvl), Pinetown, Rustenburg, King William's Town, Brits en Somerset-Wes.

Tabellaries van die genoemde agt dorpe se bevolking (alle volksgroepe) volgens nywerheidssektor en beroep verskyn in bylaes A1 tot A8. Dit is tabellaries uit die Departement van Statistiek se tien-persentsteekproef van die 1970-bevolkingsensus deur die RGN gedoen.

In tabel 5.1 word die persentasieverdeling van die agt dorpe se bevolking volgens ekonomiese bedrywigheid en nywerheidssektor aangetoon.

Die persentasies vir ekonomiese bedrywige, nie-ekonomiese bedrywige, minimum streekresidensiële indiensneming en die totale persentasie uitvoergeleenthede van Brits word almal op grond van die persentasies in tabel 5.1 geraam.

6 RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHED E IN BRITS IN 1981

In tabel 6.1 verskyn 'n tabellarie van die uitvoerwerkgeleenthede wat na verwagting teen 1981 in Brits sal bestaan.

Die uitvoerwerkgeleenthede in tabel 6.1 is soos volg bepaal:

(a) In die geval van reeds bestaande bedrywe in die vervaardigingsektor is 'n opname gemaak van hul huidige getal werkgeleenthede. Die vraelys wat vir die doel gebruik is, verskyn as bylae B tot hierdie verslag.

(b) Die topbestuur van die bedrywe is daarna gevra om 'n raming te maak van die verwagte toename in werkgeleenthede in hul bedrywe tot 1981. Die verwagte toename is by die getal huidige werkgeleenthede getel.

(c) In die geval van bedrywe wat volgens plan voor 1981 opgerig sal word, is van die persone wat vir die beplanning verantwoordelik is, 'n raming van die getal werkgeleenthede in 1981 verkry.

(d) Laastens is vasgestel watter persentasie van die bedrywe se produksie na verwagting binne die grense van die Brits ekonomiese gebied verbruik sal word. Die geraamde 1981-werkgeleenthede is dan met dié persentasie verminder om die geraamde getal uitvoerwerkgeleenthede te verkry.

Daar is nie 'n opname van die uitvoerwerkgeleenthede in die mynbou- en steengroefsektor gemaak nie. In paragraaf 7 word die aanpassing wat gemaak is om hiervoor te vergoed, verduidelik.

Daar word aanvaar dat alle werkgeleenthede in 1981 beset sal wees. Daarom word uitvoerwerkgeleenthede gelyk gestel aan uitvoerwerkers.

7 RAMING VAN DIE PERSENTASIES VIR STREEKRESIDENSIËLE WERKERS EN UITVOERWERKERS

Die minimum waargenome indiensnemingspersentasie in al die nywerheidssektore behalwe mynbou en steengroefwerk is aanvaar as die geraamde minimum noodsaaklike, persentasie streekresidensiële indiensneming in Brits teen 1981. Aangesien daar in die sektor mynbou en steengroefwerk nie 'n opname van uitvoerwerkgeleenthede gemaak is nie terwyl dit bekend is dat daar beide uitvoer- en streekresidensiële werkers in die sektor bestaan, is besluit om met die raming van die persentasie vir minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensneming ook voorsiening te maak vir die bestaande uitvoerwerkers. Dit is gedoen deur te aanvaar dat daar teen 1981 ongeveer net soveel werkers in dié sektor sal wees as wat daar in 1970 was.

TABEL 5.1

VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN AGT SATELLIETDORPE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR
1970

Nywerheidsektor	Satellietdorpe								Minimum waargenome persentasie	Gemiddelde persentasie	Gekose minimum noodsaaklike persentasie
	Stellenbosch	Middelburg	Pinetown	Rustenburg	King Williams Town	Somerset-Wes	Vanderbijl-park	Brits			
	%	%	%	%	%	%	%	%			
1 Landbou, bosbou en visvangs	2,58	2,93	1,25	1,55	3,92	2,49	4,27	1,36	1,25	2,54	1,25
2 Mynbou en steengroefwerk	0,09	0,40	0,0	33,25	0,68	0,68	0,13	4,88	0,0	0,61	1,50
3 Voedsel, drank en tabak	11,68	1,62	0,84	2,58	3,92	4,31	0,66	1,90	0,66	3,44	0,66
4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere	3,22	0,10	9,39	0,77	9,56	2,95	0,13	0,27	0,10	3,30	0,10
5 Nie-metaal- en algemene goedere	8,37	0,91	5,64	0,52	2,39	10,43	2,50	5,96	0,52	4,59	0,52
6 Basiese metale	0,18	18,08	0,52	0,0	0,0	0,0	37,52	0,27	0,0	7,07	0,0
7 Metaalprodukte	1,29	3,64	9,81	1,42	0,51	5,90	13,68	6,50	0,51	4,61	0,51
8 Elektrisiteit, gas en water	0,74	0,61	1,46	0,52	0,51	1,36	0,59	0,54	0,51	0,79	0,51
9 Bou en konstruksie	13,98	10,61	7,10	5,80	7,85	11,56	8,55	12,20	5,81	9,71	5,80
10 Handel, verversings- en akkomodasiedienste	12,97	13,84	13,36	15,34	18,09	18,59	7,69	26,56	7,69	15,81	7,69
11 Vervoer-, opberging- en kommunikasiedienste	3,68	5,66	6,37	3,87	6,48	4,54	0,99	5,15	0,99	4,59	0,99
12 Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste	4,05	2,22	7,72	2,45	4,10	5,67	2,56	2,44	2,22	3,90	2,22
13 Openbare owerheidsdienste	23,55	18,48	6,99	8,76	14,68	8,62	5,33	13,82	5,33	12,53	5,33
14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste	4,51	3,23	3,03	3,74	5,29	4,76	2,40	1,36	1,36	3,54	1,36
15 Persoonlike en huishoudelike dienste	9,11	17,68	26,51	19,46	22,01	18,14	12,99	16,80	9,11	17,84	9,11
TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG	N 10870 % 100	9900 100	9580 100	7760 100	5860 100	4410 100	30410 100	3690 100			37,55
Ekonomies bedrywige bevolking	N 10870 % 36,74	9900 37,32	9580 44,15	7760 37,49	5860 35,17	4410 37,09	30410 38,61	3690 30,72			
Nie-ekonomies bedrywige bevolking	N 18720 % 63,26	16630 62,68	12120 55,85	12940 62,51	10800 64,83	7480 62,91	48350 61,39	8320 69,28			
TOTALE BEVOLKING	N 29590 % 100	26530 100	21700 100	20700 100	16660 100	11890 100	78760 100	12010 100			

Totaal van die geraamde minimum noodsaaklike, persentasie streekresidensiële werkers = 37,55 persent

As gevolg van benaderingstegniek is die totaal van persentasiekolomme nie altyd gelyk aan 100 nie

TABEL 6.1

VERWAGTE UITVOERWERKGELEENTHEDE IN BRITS VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1981

Beroepsgroep	Nywerheidsektor								Totaal		
	Voedsel, drank en tabak		Nie-metaal- en algeme- ne goedere		Basiese metale		Metaal= produkte				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
1 Natuurwetenskaplikes, argitek- te, ingenieurs, opmeters, boureke- naars, ens.			4	0,14			37	0,66	41	0,43	
2 Medici, tandheelkun- diges, veeartse, ver- pleegsters en ander paramedici											
3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken- meesters, regsgeleer- des, ens.			4	0,14			15	0,27	19	0,20	
4 Tegnici en tekenaars	1	0,33					13	0,23	14	0,15	
5 Besturende, uitvoeren- de en administratiewe werkers	12	3,99	66	2,36	3	0,35	96	1,72	177	1,85	
6 Klerke, verkoops- en verwante werkers	19	6,31	119	4,26	2	0,23	403	7,21	543	5,68	
7 Dienswerkers	8	2,66	18	0,64			105	1,88	131	1,37	
8 Landbouers, bosbouers en vissers											
9 Produksietoesighouers en voormanne	7	2,33	139	4,97	3	0,35	296	5,29	445	4,66	
10 Myn- en steengroef- werkers			24	0,86					24	0,25	
11 Ander produksie- en in- standhoudingswerkers (geskoold, halfgeskoold en ongeskoold)	90	29,90	955	34,17	692	80,09	1431	26,59	3168	33,17	
12 Bou- en konstruksie- werkers			7	0,25			99	1,77	1438	1,11	
13 Masjienoperateurs	80	26,58	672	24,04	88	10,19	1897	33,92	2737	28,65	
14 Vervoer- en kommunika- siewerkers	18	5,98	48	1,72	2	0,23	92	1,65	160	1,68	
15 Ongeskoolde arbeiders	66	21,93	739	26,44	74	8,56	1108	19,81	1987	20,80	
TOTAAL	N	301	100	2795	100	864	100	5592	100	9552	100
	%	3,15		29,26		9,05		58,54		100	

Aangesien die bevolking van Brits 12 010 in 1970 getel het, en die 1981- bevolking voorlopig op 39 000 geraam is, is die waargenome 1970-indiensnemingspersenta- sie van die sektor mynbou en steengroefwerk, naamlik 4,88 persent (kyk tabel 5.1), pro rata verminder ten einde 'n geraamde streekresidensiële indiensnemingspersentasie vir 1981 te verkry wat vir beide uitvoer- en streekresidensiële werkers voorsiening sal maak. Dit is gedoen deur die 1970-indiensnemingspersentasie, 4,88 persent, met $\frac{12}{39}$ te vermenigvuldig. Dit gee 'n geraamde persentasie "streekresidensiële" werkers van 1,5 persent vir die sektor in 1981.

Blykens tabel 5.1 is die totaal van die geraamde sektorale persentasies streek- residensiële werkers gelyk aan 37,55 persent. Dit beteken daarom dat 62,45 persent van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking in 1981 uitvoerwerkers sal wees.

8 RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VAN BRITS VIR 1981 VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

In tabel 8.1 verskyn 'n raming van die totale bevolking van Brits vir 1981 volgens ekonomiese bedrywigheid en nywerheidsektor.

TABEL 8.1

GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN BRITS VIR 1981

Nywerheidsektor en ekonomiese bedrywigheid	Geraamde getal werkgeleenthede en nie-ekonomiese bedrywige bevolking	
	N	%
1 Landbou, bosbou en visvangs	190	1,25
2 Mynbou en steengroefwerk	230	1,50
3 Voedsel, drank en tabak	102	0,66
4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere	16	0,10
5 Nie-metaal- en algemene goedere	80	0,52
6 Basiese metale		
7 Metaalprodukte	77	0,51
8 Elektrisiteit, gas en water	79	0,51
9 Bou en konstruksie	887	5,80
10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste	1177	7,69
11 Vervoer-, opberging- en kommunikasiedienste	152	0,99
12 Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste	340	2,22
13 Openbare owerheidsdienste	814	5,33
14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste	207	1,36
15 Persoonlike en huishoudelike dienste	1393	9,11
TOTAAL Streekresidensiële werkers	5744	37,55
Uitvoerwerkgeleenthede	9552	62,45
TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING	15296	100

Die getalle in tabel 8.1 is almal geraam op grond van die geraamde getal uitvoerwerkers (kyk tabel 6.1) en die persentasies wat in paragraaf 7 vir streekresidensiële werkers, uitvoerwerkers en nie-ekonomiese bedrywige bevolking geraam is.

Ten spyte van die feit dat daar hierbo na 'n geraamde bevolking van Brits verwys word, word daar nie bedoel dat die geraamde getal mense, 49 711, almal in Brits woonagtig sal wees nie. Hieroor sal later meer gesê word (kyk par. 12).

Tweedens word die aandag daarop gevestig dat hierdie model baie gevoelig is vir die gekose minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie in tabel 5.1. Indien die gekose persentasie in enigeen van die sektore met slegs 1 persent verhoog of verlaag word, sal dit 'n verandering van ongeveer 2 300 op die geraamde totale bevolking vir 1981 teweegbring.

Ten spyte van bogenoemde sal nogtans voortgegaan word om die geraamde bevolking volgens beroepsgroepe en volksgroepe te verdeel.

9 RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN BRITS VIR 1981

In tabel 9.1 verskyn 'n raming van die beroeps- en sektorale verdeling van die geraamde streekresidensiële werkers in Brits vir 1981.

TABEL 9.1

DIE VERWAGTE STREEKRESIDENSIELE WERKERS VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR IN BRITS 1981

Beroep	Nywerheidsektor															Totaal
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	
	Landbou, bos- bou en vis- vangs	Mynbou en steengroef- werk	Voedsel, drank en tabak	Klerasie, tek- stiel- en leer- goedere	Nie-metaal- en algemene goe- dere	Ba'siese metale	Metaalpro- dukte	Elektriese gas en water	Bou en konstruksie	Hand- en sings- en ak- modasiedienste	Vervoer, opber- ging- en komm- ikasiedienste	Finansiering- verskeiding, verkeers- en hoofdiens- dienste	Openbare owerheids- dienste	Professionele, maatskaplike en vermaaklik- heidsdienste	Personlike huishou- like dienste	
1 Natuurwetenskaplikes, argitekthe, ingenieurs, opmeters, bourekenaars, ens.	N 2	2	0	0	0	0	0	33	4	4	1	0	0	0	0	60
%	1,19	0,91	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	16,67	3,71	0,35	0,55	0,66	0,0	0,0	1,04	
2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici	N 0	1	0	0	0	0	0	0	0	7	0	5	94	0	107	
%	0,0	0,39	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,59	0,0	0,66	44,98	0,0	1,86	
3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken- meesters, regsgeleerdes, ens.	N 11	4	1	0	0	0	0	0	28	0	0	36	286	45	6	417
%	5,95	0,13	3,51	8,33	0,0	0,0	0,0	0,0	3,20	0,0	0,0	10,48	35,08	21,54	0,41	7,26
4 Tegnici en tekenaars	N 2	1	0	0	0	0	0	2	5	0	0	5	0	0	0	15
%	1,19	0,39	0,0	0,0	0,0	0,0	3,03	0,0	0,62	0,0	0,0	0,66	0,0	0,0	0,0	0,26
5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N 13	18	7	2	3	0	3	0	82	10	3	36	11	2	0	190
%	6,67	7,80	7,02	11,11	3,90	0,0	4,42	0,0	9,25	0,82	2,19	10,54	1,32	1,15	0,0	3,31
6 Klerke, verkoops- en verwante werkers	N 15	16	11	0	11	0	5	7	50	561	731	268	154	20	11	1202
%	7,86	7,08	10,53	0,0	13,68	0,0	5,81	8,33	5,58	47,70	48,30	78,98	18,83	9,63	0,82	20,93
7 Dienswerkers	N 0	1	10	2	8	0	0	0	25	150	2	0	222	34	1255	1709
%	0,0	0,26	9,52	11,11	10,44	0,0	0,0	0,0	2,78	12,77	1,15	0,0	27,27	16,51	90,09	29,75
8 Landbouers, bosbouers en vissers	N 143	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	17	5	100	265	
%	74,76	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	2,03	2,30	7,15	4,61	
9 Produksietoeshouers en voormanne	N 0	17	4	0	0	0	2	0	43	11	2	0	14	2	0	95
%	0,0	7,34	3,51	0,0	0,0	0,0	2,38	0,0	4,83	0,95	1,64	0,0	1,67	1,15	0,0	1,65
10 Myn- en steengroefwerkers	N 0	101	0	0	1	0	0	0	1	0	0	0	5	0	0	108
%	0,0	44,16	0,0	0,0	1,52	0,0	0,0	0,0	0,13	0,0	0,0	0,66	0,0	0,0	0,0	1,88
11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers (geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde)	N 2	48	34	11	32	0	41	13	124	137	17	0	5	2	0	466
%	1,19	20,91	33,90	69,44	39,87	0,0	53,01	16,67	14,02	11,61	10,97	0,0	0,60	1,15	0,0	8,11
12 Bou- en konstruksiewerkers	N 0	4	0	0	3	0	0	0	235	3	1	0	13	0	0	259
%	0,0	1,82	0,0	0,0	3,70	0,0	0,0	0,0	26,49	0,24	0,61	0,0	1,61	0,0	0,0	4,51
13 Masjienoperateurs (in produksie- en onder- houdswerke)	N 0	2	0	0	0	0	2	7	16	14	3	0	10	0	0	54
%	0,0	0,78	0,0	0,0	0,0	0,0	2,38	8,33	1,77	1,17	1,76	0,0	1,25	0,0	0,0	0,94
14 Vervoer- en kommunikasiewerkers	N 2	18	0	0	10	0	2	0	20	25	17	0	10	0	5	109
%	1,19	7,80	0,0	0,0	11,95	0,0	2,78	0,0	2,25	2,11	10,92	0,0	1,28	0,0	0,38	1,90
15 Ongeskoolde arbeiders	N 0	1	32	0	12	0	20	39	225	255	33	0	52	3	16	688
%	0,0	0,26	32,02	0,0	14,94	0,0	26,19	50,00	25,38	21,70	21,92	0,0	6,42	1,59	1,14	11,98
TOTAAL	N 190	230	102	16	80	0	77	79	887	1177	152	340	814	207	1393	5744
AF	% 100	100	100	100	100	0,0	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100
DWARS	% 3,31	4,00	1,78	0,28	1,39	0,0	1,34	1,38	15,44	20,49	2,65	5,92	14,17	3,60	24,25	100

Die getalle in tabel 9.1 is soos volg geraam:

(a) Die totale in die sektor kolomme kom uit tabel 8.1 en is soos hierbo beskryf, geraam.

(b) Die beroepsverdeling is vir elke nywerheidsektor afsonderlik gedoen. Die beroepsverdelingspersentasies in elke sektorkolom is die gemiddelde van die persentasies wat tydens die 1970-bevolkingsensus in drie verskillende dorpe, wat spesiaal vir die doel gekies is, voorgekom het. Twee van die drie dorpe is in elke geval gekies op grond van die feit dat daar tydens die 1970-bevolkingsensus ongeveer net soveel werkers in die betrokke nywerheidsektor was as wat daar na raming teen 1981 in dié sektor in Brits sal wees. Brits self is in elke geval as die derde dorp gekies.

Die aandag word daarop gevestig dat as gevolg van die benaderingswyse wat gevolg is, kom daar benaderingsfoute in die beroepsverdelingsverdeling van die streekresidensiële werkers in tabel 9.1 voor. Die benaderingsfoute het tot gevolg dat die totaal in tabel 9.1 nie ooreenkom met die totaal in tabel 8.1 nie.

In tabel 9.2 verskyn 'n lys van die name van die dorpe wat in die geval van elke sektor vir die doel gekies is.

TABEL 9.2

DORPE WAARVAN DIE SEKTORALE BEROEPSVERDELING AS BASIS DIEN VIR DIE SEKTORALE BEROEPSVERDELING VAN DIE GERAAMDE STREEKRESIDENSIËLE WERKERS

Nywerheidsektor	Dorpe		
1 Landbou, bosbou en visvangs	Middelburg	Stellenbosch	Brits
2 Mynbou en steengroefwerk	Rustenburg	Brits	Brits
3 Voedsel, drank en tabak	Middelburg	Somerset-Wes	Brits
4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere	Rustenburg	Vanderbijlpark	Brits
5 Nie-metaal- en algemene goedere	Middelburg	King William's Town	Brits
6 Basiese metale	Rustenburg	Rustenburg	Brits
7 Metaalprodukte	Rustenburg	Stellenbosch	Brits
8 Elektrisiteit, gas en water	Middelburg	Rustenburg	Brits
9 Bou en konstruksie	Pinetown	Vanderbijlpark	Brits
10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste	Middelburg	Stellenbosch	Brits
11 Vervoer-, opberging- en kommunikasiedienste	Middelburg	Pinetown	Brits
12 Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste	King William's Town	Somerset-Wes	Brits
13 Openbare owerheidsdienste	King William's Town	Vanderbijlpark	Brits
14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste	Pinetown	Somerset-Wes	Brits
15 Persoonlike en huishoudelike dienste	Middelburg	Rustenburg	Brits

Volgens tabel 9.2 blyk dat die dorpe waarvan die 1970-bevolkingsensusgegewens as basis vir die raming van die sektorale beroepsverdeling gebruik is, almal gekies is uit die agt dorpe waarvan die 1970-bevolkingsensusgegewens ook as basis gebruik is vir die raming van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies (kyk paragraaf 5).

(c) Die totale in die sektorkolomme is daarna volgens die geraamde persentasies verdeel om die getal werkers in elke beroep te raam.

10 RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN BRITS IN 1981 VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR

In tabel 10.1 verskyn 'n raming van die totale getal werkers volgens nywerheidsektor en beroepsgroep wat na raming in 1981 in Brits sal bestaan.

TABEL 10.1
DIE VERWAGTE TOTALE WERKERS VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR IN BRITS
1981

Beroep	Nywerheidsektor															Totaal
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	
	Landbou, bosbou en visvangs	Mynbou en steengroefwerk	Voedsel, drank en tabak	Klertasie, tekstiel- en leergoedere	Nie-metaal- en algemene goedere	Basiese metaale	Metaalprodukte	Elektrisiteit, gas en water	Bou en konstruksie	Handel, vervoers- en akkomo-dasiedienste	Handel, vervoers- en akkomo-dasiedienste	Vervoer, opberging en kommunikasie-dienste	Finansiële- en versekering- en verpleegdiens- en signeerdiens- te	Sekuriteits- en veiligheidsdiens- te	Openbare ower-heidsdiens- te	
1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, bourekenaars, ens.	2	2	0	0	4	0	37	13	33	4	1	0	5	0	0	101
%	1,05	0,87	0,0	0,0	0,14	0,0	0,65	16,46	3,72	0,34	0,66	0,0	0,61	0,0	0,0	0,66
2 Medici, tandheekkundiges, veeartse, apte- kers, verpleegsters en ander paramedici	0	1	0	0	0	0	0	0	0	7	0	0	5	94	0	107
%	0,0	0,43	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,59	0,0	0,0	0,61	45,41	0,0	0,70
3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken- meesters, regsgeleerdes, ens.	11	0	4	1	4	0	15	0	28	0	0	36	286	45	6	436
%	5,79	0,0	0,99	6,25	0,14	0,0	0,26	0,0	3,16	0,0	0,0	10,59	35,14	21,74	0,43	2,85
4 Tegnici en tekenaars	2	1	1	0	0	0	15	0	5	0	0	0	5	0	0	29
%	1,05	0,43	0,25	0,0	0,0	0,0	0,26	0,0	0,56	0,0	0,0	0,0	0,61	0,0	0,0	0,19
5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	13	18	19	2	69	3	99	0	82	10	3	36	11	2	0	367
%	6,84	7,83	4,71	12,50	2,40	0,35	1,75	0,0	9,24	0,85	1,97	10,59	1,35	0,97	0,0	2,40
6 Klerke, verkoops- en verwante werkers	15	16	30	0	130	2	408	7	50	561	73	268	154	20	11	1745
%	7,89	6,96	7,44	0,0	4,52	0,23	7,20	8,86	5,64	47,66	48,03	78,82	18,92	9,66	0,79	11,41
7 Dienswerkers	0	1	18	2	26	0	105	0	25	150	2	0	222	34	1255	1840
%	0,0	0,43	4,47	12,50	0,90	0,0	1,85	0,0	2,82	12,74	1,32	0,0	27,27	16,43	90,09	12,03
8 Landbouers, bosbouers en vissers	143	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	17	5	100	265
%	75,26	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	2,09	2,42	7,18	1,73
9 Produksietoetsighouers en voormanne	0	17	11	0	139	3	298	0	43	11	2	0	14	2	0	540
%	0,0	7,39	2,73	0,0	4,83	0,35	5,26	0,0	4,85	0,93	1,32	0,0	1,72	0,97	0,0	3,53
10 Myn- en steengroefwerkers	0	101	0	0	25	0	0	0	1	0	0	0	5	0	0	132
%	0,0	43,91	0,0	0,0	0,87	0,0	0,0	0,0	0,11	0,0	0,0	0,0	0,61	0,0	0,0	0,86
11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers (geskoold, halfgeskoold en ongeskoold)	2	48	124	11	987	692	1472	13	124	137	17	0	5	2	0	3634
%	1,05	20,87	30,77	68,75	34,33	80,09	25,97	16,46	13,98	11,64	11,18	0,0	0,61	0,97	0,0	23,76
12 Bou- en konstruksiewerkers	0	4	0	0	10	0	99	0	235	3	1	0	13	0	0	366
%	0,0	1,74	0,0	0,0	0,35	0,0	1,75	0,0	26,49	0,25	0,66	0,0	1,60	0,0	0,0	2,39
13 Masjienoperateurs	0	2	80	0	672	88	1899	7	16	14	3	0	10	0	0	2791
%	0,0	0,87	19,85	0,0	23,37	10,19	33,50	8,86	1,80	1,19	1,97	0,0	1,23	0,0	0,0	18,25
14 Vervoer- en kommunikasiewerkers	2	18	18	0	58	2	94	0	20	25	17	0	10	0	5	269
%	1,05	7,83	4,47	0,0	2,02	0,23	1,66	0,0	2,25	2,12	11,18	0,0	1,23	0,0	0,36	1,76
15 Ongeskoolde arbeiders	0	1	98	0	751	74	1128	39	225	255	33	0	52	3	16	2675
%	0,0	0,43	24,32	0,0	26,12	8,56	19,90	49,37	25,37	21,67	21,71	0,0	6,39	1,45	1,15	17,49
TOTAAL	190	230	403	16	2875	864	5669	79	887	1177	152	340	814	207	1393	15296
AF	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100
DWARS	1,24	1,50	2,63	0,10	18,80	5,65	37,06	0,52	5,80	7,69	0,99	2,22	5,32	1,35	9,11	100

Die getalle in tabel 10.1 is verkry deur eenvoudig die geraamde getalle uitvoerwerkers in tabel 6.1 en die geraamde getalle streekresidensiële werkers in tabel 9.1 vir die ooreenstemmende nywerheidssektore en beroepsgroepe bymekaar te tel.

Die aandag word weer eens daarop gevestig dat die getalle in tabel 10.1 werkgeleenthede in Brits verteenwoordig en nie inwoners van Brits nie. Dit is welbekend dat die meerderheid van die Bantoe werkers in Bophuthatswana sal woon en dat baie van die Blankes wat in Brits werk, in Johannesburg, Pretoria, Meerhof, Kosmos of op kleinhoewes om Brits en by die Hartbeespoortdam woon.

Verder dien daar ook op gelet te word dat alle werkgeleenthede nie noodwendig beset hoef te wees nie. Baie van die geraamde werkgeleenthede kan bloot vakatures wees wat om die een of ander rede nie gevul is nie.

11 RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE VERWAGTE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

In tabel 11.1 verskyn 'n ontleding van die 1970-bevolking van Brits volgens beroepsgroep en volksgroep.

Die getalle in tabel 11.1 is afkomstig uit die Departement van Statistiek se tienpersentsteekproef van die 1970-bevolkingsensus.

In tabel 11.2 verskyn 'n ontleding van die geraamde bevolking van Brits vir 1981 volgens volksgroep en beroepsgroep.

Die volksgroepverdeling van die uitvoerwerkers in tabel 11.2 is dié wat tydens die opname deur huidige werkgewers opgegee is of deur beplanners van toekomstige bedrywe geraam is.

Die volksgroepverdeling van die streekresidensiële werkers in tabel 11.2 is vir elke individuele beroep afsonderlik gedoen op grond van die volksgroepverdeling in daardie beroep in Brits tydens die 1970-bevolkingsensus soos wat dit in tabel 11.1 aangedui word.

Die volksgroep "ander" wat in tabel 11.2 voorkom, is bloot 'n sommering van Indiërs en Kleurlinge.

12 RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN BRITS IN 1981

In tabel 12.1 verskyn 'n raming van die nie-ekonomies bedrywige en totale bevolking van Brits in 1981.

Die ekonomiese deelnamekoerse in tabel 12.1 is dieselfde as die ooreenstemmende deelnamekoerse vir die betrokke volksgroep in Brits tydens die 1970-bevolkingsensus (kyk tabel 11.1).

13 DIE INWONERTAL VAN BRITS IN 1981

Die getalle werkers of werkgeleenthede wat hierbo vir Brits geraam is, verteenwoordig nie noodwendig almal inwoners vir Brits nie. Die redes vir die bewering is die volgende:

(a) Die meeste van die Bantoe werkers en hul afhanklikes woon in Elandsfontein en ander dorpe in Bophuthatswana. Die Bantoes wat tans nog in die ou Brits Bantoe-woongebied woonagtig is, sal mettertyd ook na Bophuthatswana toe verskuif word. Die enigste Bantoes wat dan nog in Brits self sal woon, is werkers, hoofsaaklik in die dienstesektore, wat op die persele van hul werkgewers woon.

(b) Dit is bekend dat 'n betekenisvolle aantal Blankes in die nuwe fabriek in Brits werk en hulle afhanklikes in Johannesburg of Pretoria woon.

(c) 'n Onbekende aantal Blankes wat in Brits werk, woon of op landbou- en kleinhoewes om Brits of in een van die dorpsgebiede om Hartbeespoortdam.

TABEL 11.1

VERDELING VAN DIE BEVOLKING VAN BRITS VOLGENS BEROEP EN VOLKSGROEP
1970

Beroepsgroep	Blank		Kleurling		Asiër		Bantoe		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1 Natuurwetenskaplikes, argitekthe, ingenieurs, opmeters, bourekenaars, ens.	N 30	0,84							30	0,25
	% 100,00								100	
2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, opmeters, verpleegsters en ander paramedici	N 30	0,84							30	0,25
	% 100,00								100	
3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens.	N 90	2,53			10	1,37	60	0,80	160	1,33
	% 56,25				6,25		37,50		100	
4 Tegnici en tekenaars	N 10	0,28							10	0,08
	% 100,00								100	
5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N 100	2,81							100	0,83
	% 100,00								100	
6 Klerke, verkoops- en verwante werkers	N 310	8,71	30	13,64	150	20,55	280	3,73	770	6,41
	% 40,26		3,90		19,48		36,36		100	
7 Dienswerkers	N 180	5,06	30	13,64			700	9,33	910	7,58
	% 19,78		3,30				76,92		100	
8 Landbouers, bosbouers en vissers	N 20	0,56					100	1,33	120	1,00
	% 16,67						83,33		100	
9 Produksietoetsighouers en voormanne	N 40	1,12					60	0,80	100	0,83
	% 40,00						60,00		100	
10 Myn- en steengroefwerkers	N 20	0,56					20	0,27	40	0,33
	% 50,00						50,00		100	
11 Ander produksie- en instandhoudingswerke (geskoold, halfgeskoold en ongeskoold)	N 20	0,56					20	0,27	40	0,33
	% 50,00						50,00		100	
12 Bou- en konstruksiewerke	N 30	0,84	10	4,55			60	0,80	100	0,83
	% 30,00		10,00				60,00		100	
13 Masjienoperateurs	N 190	5,34			10	1,37	220	2,93	420	3,50
	% 45,24				2,38		52,38		100	
14 Vervoer- en kommunikasiewerke	N 20	0,56	20	9,09			100	1,33	140	1,17
	% 14,29		14,29				71,43		100	
15 Ongeskoolde arbeiders	N		10	4,55			700	9,33	710	5,91
	%		1,41				98,59		100	
16 Nie-ekonomies bedrywig en ongespesifiseerd	N 2470	69,38	120	54,55	560	76,71	5180	69,07	8330	69,36
	% 29,65		1,44		6,72		62,19		100	
TOTAAL	N 3560	100	220	100	730	100	7500	100	12010	100
	% 29,64		1,83		6,08		62,45		100	

TABEL 11.2
DIE VERWAGTE BEVOLKING VOLGENS BEROEP EN VOLKSGROEP IN BRITS
1981

Beroepsgroep		Werkgeleenthede												
		Uitvoer				Streekresidensieel				Totaal				
		Blank	Bantoe	Ander	Totaal	Blank	Bantoe	Ander	Totaal	Blank	Bantoe	Ander	Totaal	
1	Natuurwetenskaplikes, argitekthe, ingenieurs, opmeters, bourekenaars, ens.	N	40	1	0	41	60	0	0	60	100	1	0	101
		%	97,56	2,44	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00	99,01	0,99	0,0	100,00
2	Medici, tandheekkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici	N	0	0	0	0	107	0	0	107	107	0	0	107
		%	0,0	0,0	0,0	0,0	100,00	0,0	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00
3	Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens.	N	17	2	0	19	235	156	26	417	252	158	26	436
		%	89,47	10,53	0,0	100,00	56,25	37,50	6,25	100,00	57,80	36,24	5,96	100,00
4	Tegnici en tekenaars	N	14	0	0	14	15	0	0	15	29	0	0	29
		%	100,00	0,0	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00
5	Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers	N	177	0	0	177	190	0	0	190	367	0	0	367
		%	100,00	0,0	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00	100,00	0,0	0,0	100,00
6	Klerke, verkoops- en verwante werkers	N	358	155	30	543	484	437	281	1202	842	592	311	1745
		%	65,93	28,55	5,52	100,00	40,26	36,36	23,38	100,00	48,25	33,93	17,82	100,00
7	Dienswerkers	N	32	99	0	131	338	1315	56	1709	370	1414	56	1840
		%	24,43	75,57	0,0	100,00	19,78	76,92	3,30	100,00	20,11	76,85	3,04	100,00
8	Landbouers, bosbouers en vissers	N	0	0	0	0	44	221	0	265	44	221	0	265
		%	0,0	0,0	0,0	0,0	16,67	83,33	0,0	100,00	16,60	83,40	0,0	100,00
9	Produksietoeseighouers en voormanne	N	236	200	9	445	48	48	0	96	284	248	9	541
		%	53,03	44,94	2,02	100,00	50,00	50,00	0,0	100,00	52,50	45,84	1,66	100,00
10	Myn- en steengroefwerkers	N	24	0	0	24	43	65	0	108	67	65	0	132
		%	100,00	0,0	0,0	100,00	40,00	60,00	0,0	100,00	50,76	49,24	0,0	100,00
11	Ander produksie- en instandhoudingswerkers (geskoold, halfgeskoold en ongeskoold)	N	308	2816	44	3168	211	244	11	466	519	3060	55	3634
		%	9,72	88,89	1,39	100,00	45,24	52,38	2,38	100,00	14,28	84,20	1,51	100,00
12	Bou- en konstruksiewerkers	N	3	98	5	106	78	155	26	259	81	253	31	365
		%	2,83	92,45	4,72	100,00	30,00	60,00	10,00	100,00	22,19	69,32	8,49	100,00
13	Masjienoperateurs	N	38	2688	11	2737	27	27	0	54	65	2715	11	2791
		%	1,39	98,21	0,40	100,00	50,00	50,00	0,0	100,00	2,33	97,28	0,39	100,00
14	Vervoer- en kommunikasiewerkers	N	2	157	1	160	16	78	16	110	18	235	17	270
		%	1,25	98,13	0,63	100,00	14,29	71,43	14,29	100,00	6,67	87,04	6,30	100,00
15	Ongeskoolde arbeiders	N	0	1983	4	1987	0	678	10	688	0	2661	14	2675
		%	0,0	99,80	0,20	100,00	0,0	98,59	1,41	100,00	0,0	99,48	0,52	100,00
TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING		N	1249	8199	104	9552	1896	3424	426	5746	3145	11623	530	15298
		%	13,08	85,84	1,09	100,00	33,00	59,59	7,41	100,00	20,56	75,98	3,46	100,00

TABEL 12.1

DIE VERWAGTE TOTALE BEVOLKING VAN BRITS VOLGENS VOLKSGROEP EN EKONOMIESE BEDRYWIGHEID
1981

Beroepstatus	Blank		Bantoe		Ander		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Ekonomies bedrywige bevolking	3145	30,62	11623	30,93	530	28,42	15298	30,77
Persentasieverdeling volgens volksgroep	20,56		75,98		3,46		100,00	
Nie-ekonomies bedrywige bevolking	7127	69,38	25951	69,07	1335	71,58	34413	69,23
Persentasieverdeling volgens volksgroep	20,71		75,41		3,88		100,00	
Totale bevolking volgens volksgroep	10272	100,0	37574	100,00	1865	100,00	49711	100,00
Persentasieverdeling volgens volksgroep	20,66		75,58		3,75		100,00	

Aan die ander kant is daar weer 'n onbekende getal Blankes en hul afhanklikes wat in Brits woon, maar in Pretoria, Rosslyn of Pelindaba werk.

Om bogenoemde redes moet ramings van die inwonertal in Brits nie sonder meer op die bogenoemde ramings van die getal werkgeleenthede gebaseer word nie. Die praktiese waarde van hierdie studie vir dorpsbeplanningsdoeleindes in Brits is dus beperk.

Die ramings van werkgeleenthede vir Bantoes in Brits en die getal nie-ekonomies bedrywige Bantoes wat van die Bantoe werkers in Brits afhanklik sal wees, behoort egter handig te pas kom vir die beplanners van Bantoe dorpe in Bophuthatswana, aangesien sulke dorpe in die voorsienbare toekoms huisvesting en infrastruktuur dienste aan die geraamde getal Bantoes sal moet verskaf.

14 GEVOLGTREKKING AANGAANDE DIE BETROUBAARHEID VAN DIE GERAAMDE GETALLE

Soos reeds in paragraaf agt gemeld, is die model wat vir die raming van die getal werkers en die totale bevolking gebruik word, besonder gevoelig vir die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies. In die geval van hierdie studie sal 'n verandering van een persent in die geraamde minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie 'n verandering van ongeveer 2300 in die geraamde totale bevolking teweegbring.

